



Jesus het van die Hemel Gekom

Weet jy wanneer jou lewe begin het? Dis reg, toe jy gebore is. Elke jaar, as jy jou verjaarsdag vier, dink ons aan die dag toe jy gebore is. Mammamas onthou daardie dag baie goed. Toe was jy 'n baie klein en *kosbare* babatjie.

Die Here Jesus was ook 'n baie klein babatjie. Maar Hy het nie begin lewe toe Hy gebore is nie. Nee, Hy het al baie, baie lank gelewe, reeds voor Hy gebore is. Jesus is *God*, en God lewe *altyd* al. Jesus, die Seun van God, het in die hemel gelewe, met God die Vader en God die Heilige Gees, reeds lank, baie lank voor die aarde geskape is.

Onthou jy dat God die aarde baie mooi en goed geskape het? Adam en Eva is wonderlik gemaak, na God se Beeld. Maar die sonde het toe alles bederf. Al die pyn en hartseer en swaar was vir God so erg, dat Hy besluit het om 'n Verlosser te stuur. Die *Here Jesus*, God se eie Seun, was *bereid* om daardie Verlosser te wees. Die Heilige Gees het vir Hom 'n *liggaam* gemaak en toe is Hy as 'n klein babatjie in Betlehem gebore.

Daardie nag, toe Jesus gebore is, was daar 'n hele leëmag van engele wat so *bly* was dat Jesus na die aarde gekom het. Hulle was so bly dat Jesus ons *Verlosser* wil wees, dat hulle gesing en God geprys het: 'Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag!'

Maar wat 'n verandering was dit vir die Here Jesus om van die hemel na die aarde af te daal!

Die Hemel is vol van heerlijkheid. Daar is nie siekte of hartseer of sonde nie. Maar die Here Jesus het die hemel *verlaat*. Hy het sy Vader en ook die wonderlike engele verlaat, om na hierdie *sondige* wêreld af te kom.

In die hemel was Hy *ryk*; alles was Syne. Toe Hy na die aarde gekom het, was Hy *arm*. Hy het *al* sy rykdom en heerlijkheid agtergelaat. Hier op die aarde was daar nie eens 'n pragtige huis vir Hom gereed nie - Hy is in 'n stal gebore. Hy het nie eens 'n *bedjie* gehad het nie - sy mamma, Maria, het Hom in die diere se voerbak neergelê.

In die hemel was Jesus *almagtig*. Hy was Koning en Heer oor hemel en aarde, en Heer oor al die engele. Toe Hy 'n baba geword het, kon Hy niks doen nie. Babatjies het 'n mamma nodig om vir hulle te *sorg*. Die Here Jesus was *hulpeloos*, net soos al die ander babas.

Jesus het net soos ons geword, behalwe vir die sonde. Alle mense word met 'n *sondige* hart gebore, maar die Here Jesus het *nooit* geen sondes geken of gedoen nie.

Die verhaal van die geboorte van die Here Jesus, is die wonderlikste verhaal in die Bybel. Dit is die wonderlikste verhaal in die hele wêreld, en in die *hemel*. Dink net – Jesus, die Seun van God, het 'n baba geword, Hy het 'n mens geword!

Omdat *God* ons so *liefgehad* het en ons só graag wou red, daarom het die Here Jesus 'n mens geword, sodat Hy ons Verlosser kan wees.

Gesels hieroor:

1. Wat was Jesus nog voor Hy 'n baba geword het?
2. Hoekom het Jesus na die aarde toe gekom?
3. Wat het die Here Jesus in die hemel agtergelaat?

Ons behoort hierdie Bybelvers te leer:

“...Hy, alhoewel Hy ryk was, (het) ter wille van julle arm geword...”

(2 Korintiërs 8:9)

Wat ons kan lees:

Johannes 3:16,17

‘n Lied om te sing:

1. Al was ek nie daar nie –
Ek weet dit is waar:
Die krip en Maria
met die Kindjie by haar.
Dis of ek die engel
Die boodskap hoor bring
Van Jesus se vrede
Wat harte laat sing.
2. Al was ek nie daar nie –
Ek weet dit is só:
Die herders en wyses
Het dit eerste geglo.
En deur al die jare
Bou Jesus sy Kerk –
Die Gees en die Woord
Kom geloof in ons werk.

(Lied 355:1 en 2)

Gebed:

Vader in die hemel, hoe wonderlik was daardie dag toe die Here Jesus gebore is! Baie dankie, o Here Jesus, dat U as ‘n klein babatjie na hierdie aarde gekom het om ons Verlosser te wees. Help ons asseblief, o Heilige Gees, om die Here Jesus meer en meer lief te hê. Amen

Marian Schoolland

© 2019

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit ‘Leading Little Ones to God’
is deur Marianne Bron vertaal.*